# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (38/09)

*Justin Chadwick (25 September 2009)* Citrus Growers Association (CGA)

***GESEGDE VAN DIE DAG:" "To travel hopefully is a better thing than to arrive" Robert Louis Stevenson***

## ELEKRONIESE ERA

Dit is regtig belaglik dat ons so baie vertrou op papiergebruik as elektroniese oplossings in meeste gevalle beskikbaar is. Gegewe die lys van bekommernisse wat tydens die Koördineringsvergadering uitgelig is, dan is dit baie duidelik dat ons na die elektroniese era moet begin oorbeweeg, en hoe gouer ons hierdie verskuiwing maak, hoe beter. Al hierdie sake kon aangespreek gewees het:

- Hanteringsriglyne, vragbriewe en enige ander amptelike dokumente moet met 'n datum genommer word, sodat daar duidelikheid is aangaande wat die nuutste en wat die laaste weergawe van die dokument is.
- Alle dokumente op die web beskikbaar gestel word.
- Onmiddelike duidelikheid oor PUC's op die swartlys omrede die sisteen hul outomaties van die betrokke mark sal uitsluit.
- Name van variëteite sou nie verkeerd gespel of verkeerdelik ingevoeg word nie, omdat die "drop down menus" slegs vir daardie spesifieke reeks voorsiening maak.
- Registrasie vir spesiale markte sal 'n eenvoudige verifikasie en aftekeningsproses wees.

Ons verstaan wel dat die handelsvennoot elektroniese fito's sal moet aanvaar; maar ten minste kan ons in 'n posisie kom waar ons bevoeg sal wees en vandaar kan ons dan onderhandel.

DAFF het aangekondig dat die elektroniese registrasie van "Food Business Operator (FBO)" kodes nou in werking is. Vir 'n produsente is die PUC jou FBO kode; en vir die pakhuis is dit die PHC.

Die PPECB jaarverslag identifiseer vyf vooraanstaande projekte – waarvan een die "konsolideer en versnel die Elektoniese Uitruiling van Data (EDI) projek" is. Die EDI word nou al vir 'n geruime tyd bespreek, en ons het ondersteuning aan PPECB en DAFF verleen om dit sodoende so gou as moontlik geïmplementeer te kry.

## UITVOERE NA RUSLAND: SUID-ARIKA EN ARGENTINIë

Sedert Junie het Suid-Afrika en Argentinië inligting oor die uitvoer van lemoene, sagte sitrus en pomelos na Rusland gedeel. Argentinië se streek waar lemoene verbou word het erge droogte toestande in 2008 ondervind en as gevolg hiervan het hul uitvoere na Rusland vanaf Junie met 400 000 kartonne (15Kg) afgeneem; dit is die hoeveelheid waarmee Suid-Afrika se uitvoere na Rusland oor die periode toegeneem het. Gegewe die swak markte vroeër in Europa, het die afname in Argentynse volumes na Rusland gehelp om die pryse op 'n redelike vlak te hou. In die geval van sagte sitrus het beide lande hul uitvoervolumes na Rusland vermeerder.

## KOMPETERENDHEID

Hiedie week het die Landbou-ekonomiese Vereniging hul jaarlike kongres in Durban gehou en ek het besluit om op my ou weë terug te gaan en dit by te woon (was op my voorstoep). Die tema was "Promoting the Competitiveness of South African Agriculture in a weakened global economy" – 'n baie gepaste tema noudat ons uitvoerseisoen afgehandel is. Ses belangrike faktore wat kompeterendheid bepaal is gedurende die volle sessie uitgelig - 1) Goeie leiding op alle vlakke van die regering en bedryf. As 'n bedryfsliggaam, strewe die CGA daarna om ons mandaat te lei met deursigtigheid, eerlikheid en goeie etiek. Ons verwag ook dienooreenkomstig dieselfde van diegene met wie ons skakel. 2) Toename in opleidingsvlakke – veral in wetenskap en wiskunde. Met 'n beursfonds van omtrent R1 miljoen 'n jaar belê die sitrusbedryf rojaal in die toekoms. 3) Promoveer navorsing in landbou – produsente in die sitrusbedryf belê jaarliks R20 miljoen in sitrusnavorsing en tegniese ontwikkeling en voorligting; met geen ondersteuning van die regering (ten spyte daarvan dat dit in werklikheid 'n publike verantwoordelikheid is). 4) Wend nuwe tegnologie aan - Cryptogran en XSIT is voorbeelde van die aanwending van navorsing in die sitrusbedryf.

5) Implementeer 'n effektiewe voorligtingsdiens – in die sitrus sektor word tegnologie oordrag deur middel van studiegroepe en regeringsvoorligtingsdienste gedoen deur die vier voorligtingspersoneellede wat in CRI se diens is. CGA en CRI het 'n reëling met die Limpopo se Departement van Landbou waar sitrus spesialiste opgelei en ondersteun word om advies aan nuwe produsente in daardie provinsie te gee. Soortgelyke reëlings is onder bespreking in die ander provinsies. 6) Trek bevoegde en toegewyde menslike hulpbronne. Maak die sitrusbedryf 'n interessante en 'n lonende plek om in te werk.

## VERPAK EN VERSKEEP 2009

OMDAT DIT ERFENISDAG WAS IS DAAR HIERDIE WEEK NIE SYFERS AANGAANDE WAT VERPAK EN VERSKEEP IS NIE

**JOU HEFFING WERK VIR JOU – PRODUSENTE SE HEFFINGS WORD AANGEWEND OM DIE AKTIWITEITE VAN DIE CGA, CRI EN SITRUS AKADEMIE TE BEFONDS**